SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
OPLEIDINGSINSTITUUT

# Tuisversorgingsopleiding in Afrikaans

*Studeer. Versorg. Maak 'n verskil.*




Besoek gerus ons webtuiste vir meer inligting:
www.helpendehandopleiding.co.za

# Kursusse in tuisversorging

## Tuissorgassistent-kursus

### Duur: 6 maande

Fokus op basiese opleiding in die versorging van pasiënte, bejaardes en ander kwesbare persone volgens voorafbepaalde sorginstruksies

**Opleidingsmodel**
Voltydse kursus aangebied in Pretoria

**Kampus**
David Langleystraat 433, Garsfontein, Pretoria

**Loopbaanuitkomste**
Werk in tehuise of mediesesorgfasiliteite of doen privaat tuisversorging onder direkte toesig van 'n gekwalifiseerde tuisversorger of gesondheidswerker soos 'n verpleegkundige

**Minimum vereistes**

- Graad 10
- Afrikaans magtig (onderrig is in Afrikaans)
- Eie, betroubare vervoer
- Eie verblyf in Pretoria

**Studiekoste R18 000**

## Tuisversorger-kursus

### Duur: Een akademiese jaar

Fokus op die holistiese ontwikkeling van tuisversorgers om kwesbare mense soos kinders, bejaardes persone met gestremdhede en pasiënte te versorg

**Opleidingsmodel**
Voltydse kursus aangebied in Pretoria

**Kampus**
David Langleystraat 433, Garsfontein, Pretoria

**Loopbaanuitkomste**
Werk in tehuise of doen privaat tuisversorging onder beperkte toesig
Kindersorg, byvoorbeeld kinderoppasser, au pair of kleuterskool-assistent
Versorg pasiënte wat na 'n operasie herstel

**Minimum vereistes**

- Graad 12
- Afrikaans magtig (onderrig is in Afrikaans)
- Eie, betroubare vervoer
- Eie verblyf in Pretoria

**Studiekoste R29 850**

## Die koste sluit die volgende in:

- Registrasiefooi van R1 200
- Beroepsertifikaat: Tuissorgassistent (QCTO-geakkrediteer, NKR Vlak 2) – 68 krediete **OF** Beroepsertifikaat: Tuisversorger (QCTO-geakkrediteer, NKR Vlak 3) – 135 krediete
- Noodhulp Vlak 1-sertifikaat
- Versorgerstassie met 'n bloeddrukapparaat en termometer
- Studiemateriaal
- Uniform

**VOLTYDSE TUISVERSORGINGSKURSUSSE**

Skandeer vir meer inligting oor ons voltydse tuisversorgingskursusse

## Noodhulp Vlak 1

Hierdie kursus is geskik vir enigiemand wat basiese noodhulpvaardighede wil aanleer. Dit is veral nuttig vir onderwysers, versorgers, studente, skoliere, werknemers en mense wat met kinders of bejaardes werk. Hierdie kursus verhoog jou waarde as werknemer en gee jou 'n voordeel as jy aansoek doen vir werk. Ongeag of dit vir werk of persoonlike gebruik is, jy leer waardevolle praktiese vaardighede aan sodat jy in noodsituasies met selfvertroue kan optree.

**Koste: R1 200**
**(Kursusmateriaal ingesluit)**

## Inleiding tot palliatiewe sorg

Hierdie kursus is ideaal vir persone wat vir 'n geliefde of pasiënt met 'n lewensbedreigende/terminale siekte sorg. Of jy nou 'n gesondheidswerker, versorger, of familielid is, hierdie kursus help jou om werklik 'n verskil te maak waar dit die meeste saak maak.

**Koste: R2 900**
**(Kursusmateriaal ingesluit)**



## Bemeester gestremdhede

Hierdie kursus is geskik vir enigiemand wat 'n verskil wil maak in die lewe van persone met gestremdhede en hul gesinne. Familielede, onderwysers en versorgers van mense met gestremdhede kan hierby baat. As jy wil leer hoe om ware versorging te bied deur op moontlikhede in plaas van tekortkominge te fokus, is hierdie kursus vir jou.

**Koste: R3 900**
**(Kursusmateriaal ingesluit)**

**KORTKURSUSSE**

Skandeer vir meer inligting oor ons kortkursusse

- Inleiding tot palliatiewe sorg
- Noodhulp Vlak 1
- Bemeester gestremdheid: Begeleiding van persone met gestremdhede

# Help 'n student studeer en ontvang 'n belastingvoordeel

Skenk aan die **Solidariteit Helpende Hand Opleidingsinstituut** en ontvang 'n artikel 18A-sertifikaat.

Solidariteit Helpende Hand is 'n geregistreerde openbare weldaadorganisasie (OWO), daarom hou 'n donasie aan die Opleidingsinstituut belastingvoordele vir die donateur in. 'n Donasie kan u belasbare inkomste met tot 10% verminder. Benewens die belastingvoordeel wat u ontvang, help u ook om behoeftige Afrikaanse studente se studiedrome te verwesenlik.

Donasies aan die Opleidingsinstituut is aftrekbaar van u belasbare inkomste, en ons is gemagtig om belastingsertifikate uit te reik. Stuur u bewys van betaling na opleiding@helpendehand.co.za vir die uitreik van u artikel 18A-belastingsertifikaat.

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND OPLEIDINGSINSTITUUT

## VERSORG 'N VERSORGER. MAAK 'N DONASIE.

Bank: FNB

Takkode: 210 554

Rekeningnaam: Solidariteit Helpende Hand

Rekeningnr.: 6308 708 8720

Verwysing: Opleiding

Stuur bewys van betaling na

opleiding@helpendehand.co.za

**Maak 'n donasie**

Skandeer die QR-kode om 'n skenking te maak.

Telefoonnr.: 012 881 1919

WhatsApp: 082 619 1312

E-pos: opleiding@helpendehand.co.za